

Onderrigplan

AFRIKAANS

HUISTAAL

KWARTAAL 3



GRAAD
3





Onderrigplan

GRAAD 3 | KWARTAAL 3

AFRIKAANS

Copyright © 2026 National Educational
Collaboration Trust (NECT)

This work is licensed under a Creative Commons
Attribution–NonCommercial–NoDerivatives 4.0
International License (CC BY-NC-ND 4.0).

Additional permissions beyond the scope of this license
may be available. For further information, please
contact the publisher at **materials@nect.org.za**.

First edition, 2026



KWARTAAL 3 ONDERRIGPLAN





Luister en praat: Stel die tema bekend



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Prente en
werklike
voorwerpe
vir die tema-
uitstalling

Kern-
leesboek

1. **Berei 'n tema-uitstalling voor:** *Ons is entrepreneurs*
2. **Vra oop vrae om die leerders se agtergrondkennis aan te wakker.**
 - Wat is van die goed wat mense in jou gemeenskap verkoop?
 - Hoekom begin mense hulle eie besighede?
 - As jy 'n besigheid sou begin, wat sou jy graag wou verkoop?
3. **Maak 'n breinkaart deur die vrae en die leerders se antwoorde te gebruik.**
4. **Voeg u eie antwoorde by die breinkaart om die leerders se kennis uit te brei.**
5. **Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 2.**
6. **Sê vir die leerders om na die taalverryking van die tema te wys.**
 - a. Lees die taalverryking hardop.
 - b. Gee die leerders opdrag om dit saam met u te lees, of om dit na u te herhaal:
Wie nie waag nie, wen nie.
7. **Bespreek die taalverryking met die leerders.**
 - a. Vra: Kan jy my vertel wat hierdie beteken? / Kan jy die antwoord uitwerk?
 - b. Moedig die leerders aan om hulle idees te deel.
 - c. Verduidelik die betekenis of verskaf die antwoord as volg: Dit beteken dat 'n mens risiko's moet neem om sukses te behaal. Om 'n suksesvolle entrepreneur te wees, vereis waagmoed.



Klanke en morfologie: Klasrefleksie



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:

Kern-
leesboek

Skryf die volgende tabel en klanke op die skryfbord, sodat dit duidelik sigbaar is:

o	i	a	e	uu
k	d	r	m	w
dr	kw	sm	tw	str
f	h	j	l	n

- Laat die leerders rustig voor u op die mat of vloer sit.**
- Hou 'n bespreking oor lees en skryf.**
- Vra die leerders om na mekaar te draai en om die volgende vraag te bespreek:**
Wat moet ons kan doen om woorde te kan lees en te skryf?
- Vra leerders na 'n paar minute vir terugvoer.**
- Maak seker dat hulle antwoorde die volgende punte insluit:**
 - Ons moet weet hoe om al die verskillende klanke in ons taal te lees.
 - Ons moet weet hoe om klanke saam te voeg om woorde te vorm.
 - Ons moet weet hoe om woorde in klanke te verdeel en dit dan saam te voeg om woorde te lees.
 - Ons moet weet hoe om die klanke te skryf sodat ons die woorde kan skryf.
- Terwyl leerders hierdie antwoorde verskaf, roep een of twee leerders na die skryfbord om te demonstreer hoe die klanke in die tabel gebruik word.**
- Oriënteer die leerders ten opsigte van Maandag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 4.
 - Lees die teks vir die leerders voor en lees dit daarna saam met die leerders.
 - Bespreek die vrae wat na die teks verskyn.
 - Let op leerders wat bekommerd is oor lees, en wat hul bekommernisse is.
 - Gee aan hierdie probleme aandag gedurende Groepbegeleide Lees.



Handskrif: Oefen lopende handskrif



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur voor te gee om klavier te speel.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Demonstreer hoe om die volgende sinne in lopende skrif te skryf en te voltooi:**
 - *Ek gebruik klanke en samevoeging om woorde te lees.*
 - *Ek voel ____ oor lees.*
 - a. Verduidelik die beginpunt, rigting en spasie tussen woorde terwyl u skryf.
 - b. Gee die leerders opdrag om die sin/ne in hulle skryfboeke te skryf.
 - c. Stap rond en kontroleer elke leerder se letterformasie, lettergrootte en spasiëring.
 - d. Ondersteun die leerders wat hulp nodig het.
3. **Maak die leerders bewus van skryfspoed en akkuraatheid.**
 - a. Wanneer die meeste leerders klaar is, roep 'stop'.
 - b. Gee aan die leerders opdrag om kennis te neem van hoe ver hulle is.
 - c. As hulle nie klaargekry het nie, vra hulle om môre te probeer om 'n bietjie vinniger te skryf.
 - d. Laat die leerders ook hulle eie skryfwerk vergelyk met u skryfwerk op die bord.
 - e. Vra hulle om kennis te neem van hoeveel foute hulle gemaak het.



Gedeelde lees: Stel die storie bekend



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storie-
bundel,
Inleiding
bladsy 1

1. **Stel die storie bekend.**

- Sê: Hierdie week gaan ons die storie lees met die titel, *Vars eiers te koop*.
- Sê: Rudi se ouma het baie henne wat baie eiers lê. Daar is so baie eiers dat hulle orals oor die werf versteek is. Eendag, nadat Rudi se vriend Dirk kom kuier en mal is oor die vars eiers, kry Ouma 'n skitterende idee. Sy besluit om 'n hoenderhok te bou en 'n familiebesigheid te begin. Rudi maak 'n pragtige tekening en sy sussie, Riandi, maak kleurvolle pamflette om die vars eiers te adverteer. Sal hulle nuwe opwindende besigheid 'n sukses wees? Kan hulle hul besigheid selfs uitbrei.
- Vra: Weet jy enigiets hiervan?
- Wys die leerders vlugtig die prente uit die storie.

2. **Bou die leerders se agtergrondkennis.**

- Deel en verduidelik die agtergrondinligting wat vir die storie verskaf is.
- Wys aan die leerders waar die storie plaasvind deur van die Storiebundel se kaart gebruik te maak.
- Vra: Het julle enige vrae oor die storie?

3. **Verduidelik die begripstrategie.**

- Hierdie week gaan ons leer hoe om: Afleidings te maak.
- Verduidelik die strategie aan die leerders.



Groepbegeleide lees: Werk met Groepe 1 & 2



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 4.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 1 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekoderingsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige week te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 1 terug na hulle tafels en roep Groep 2.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Onderrig woordeskat



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Woordeskat
flitskaarte,
prente,
voorwerpe

Kern-
leesboek

1. **Herinner die leerders aan die tema.**

- Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 2.
- Lees of noem die taalverryking weer 'n keer.
- Wys aan die leerders die lys van woordeskatwoorde vir die tema.
- Verduidelik dat hierdie woorde sal help om die tema te verstaan en om daaroor te gesels.
- Lees die lys woorde aan hulle.

2. **Gebruik WOES om woordeskat te onderrig.**

Onderrig die volgende woordeskatwoorde:

- hoenderhok*: 'n Klein huisie of skuiling waar hoenders gehou word.
- adverteer*: Om mense te vertel van iets wat jy wil verkoop.
- pamflet*: 'n Stuk papier wat mense inligting omtrent iets gee.
- uitbrei*: Om iets groter te maak of te laat groei.

3. **Gebruik die strategieë van WOES wat gepas is vir elke woord:**

W: Wys – Wys na 'n prent of werklike voorwerp

O: Opvoer – Voer die woord op

E: vErduidelik – Verduidelik aan die leerders wat die woord beteken

S: Sin – Gebruik die woord in 'n sin



Klanke en morfologie: Klasrefleksie



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:

Kern-
leesboek

1. **Hou 'n bespreking oor leesvlotheid.**
2. **Herinner die leerders daaraan dat vlotheid beteken:**
 - a. Om in staat te wees om sonder foute te kan lees.
 - b. Om teen 'n goeie spoed te lees, asof ons besig is om te praat.
 - c. Om in staat te wees om met die regte toon en uitdrukking te lees (om ons stemme te verander terwyl ons lees, om betekenis by te voeg).
3. **Vra die leerders om na mekaar te draai en om die volgende vraag te bespreek:**
Wat kan ons doen om ons leesvlotheid te verbeter?
4. **Vra leerders na 'n paar minute vir terugvoer.**
5. **Maak seker dat hulle antwoorde die volgende punte insluit:**
 - a. Ons kan aandagtig luister wanneer ons juffrou lees, om te hoor hoe daar vlot geles word.
 - b. Ons kan oefen om dieselfde storie 'n paar keer te lees.
 - c. Ons kan elke dag lees, want hoe meer ons lees oefen, hoe beter sal dit word.
Ons kan vir ons jonger boeties en sussies stories lees en kyk of hulle die manier waarop ons lees, geniet.
6. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Dinsdag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 5.
 - b. Lees die teks vir die leerders voor en lees dit daarna saam met die leerders.
 - c. Bespreek die vrae wat na die teks verskyn.
 - d. Vra ten slotte of hulle enige bekommernisse oor leesvlotheid het. Indien wel, maak 'n nota hiervan.
 - e. Gee aan hierdie probleme aandag gedurende Groepbegeleide Lees.



Handskrif: Oefen lopende handskrif



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur voor te gee om klavier te speel.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Demonstreer hoe om die volgende sinne in lopende skrif te skryf en te voltooi:**
 - *Ek hou daarvan as ____ vir ons stories lees.*
 - *Ek hou van stories oor ____.*
 - a. Verduidelik die beginpunt, rigting en spasie tussen woorde terwyl u skryf.
 - b. Gee die leerders opdrag om die sin/ne in hulle skryfboeke te skryf.
 - c. Stap rond en kontroleer elke leerder se letterformasie, lettergrootte en spasiëring.
 - d. Ondersteun die leerders wat hulp nodig het.
3. **Maak die leerders bewus van skryfspoed en akkuraatheid.**
 - a. Wanneer die meeste leerders klaar is, roep 'stop'.
 - b. Gee aan die leerders opdrag om kennis te neem van hoe ver hulle is.
 - c. As hulle nie klaargekry het nie, vra hulle om môre te probeer om 'n bietjie vinniger te skryf.
 - d. Laat die leerders ook hulle eie skryfwerk vergelyk met u skryfwerk op die bord.
 - e. Vra hulle om kennis te neem van hoeveel foute hulle gemaak het.



Gedeelde lees: Doen die Aktiwiteite voor die Lees



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storie-
bundel,
bladsy 31

1. **Laat die leerders gaan sit vir die Aktiwiteit voor die Lees.**
 - a. Nooi leerders om op die mat of vloer te sit.
 - b. Sit voor die leerders met die Storiebundel.
 - c. Maak seker dat al die leerders die boek kan sien.
 - d. Herinner leerders aan die gedrag wat u tydens Gedeelde Lees verwag, bv. sit kruisbene; hou jou hande stil op jou skoot; luister aandagtig; reageer as jy iets gevra word; steek jou hand op om 'n vraag te vra.
2. **Doen die Aktiwiteit voor die Lees as volg:**
 - a. Sê die titel van die storie: *Vars eiers te koop*.
 - b. Verduidelik die vaardigheid van voorspel. Sê: Wanneer ons iets voorspel, gebruik ons die titel en prente om te probeer uitwerk waaroor die storie handel.
 - c. Wys die leerders die prente op elke bladsy.
 - d. Vra: Wat dink jy gebeur hier?
 - e. Vra: Hoe dink jy kan ons die prente met mekaar verbind?



Groepbegeleide lees: Werk met Groepe 3 & 4



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 5.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 3 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekoderingsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige week te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 3 terug na hulle tafels en roep Groep 4.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Onderrig woordeskat en bespreek die tema se prent



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Woordeskat
flitskaarte,
prente,
voorwerpe

Kern-
leesboek

1. **Gebruik WOES om woordeskat te onderrig.**
 - a. Onderrig die volgende woordeskatwoorde:
 - *entrepreneur: 'n Persoon wat 'n besigheid begin en dinge of dienste verkoop om geld te maak.*
 - *besigheid: Werk wat mense doen om geld te maak deur goedere of dienste te verkoop.*
 - *berekening: Om getalle te gebruik om antwoorde uit te werk.*
 - *kliënt: 'n Persoon wat iets by 'n winkel of besigheid koop.*
 - b. Gebruik die strategieë van WOES wat gepas is vir elke woord.
2. **Bou die leerders se agtergrondkennis.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 6.
 - b. Vertel aan die leerders die volgende inligting oor die prent:
 - *Mense verkoop dikwels goed of lewer dienste om geld te verdien. Dit word 'n besigheid genoem. Sommige besighede is baie groot, en sommige is klein familiebesighede.*
 - *Wanneer mense saam in 'n besigheid werk, het hulle dikwels verskillende werk. Een persoon kweek dalk die plante, 'n ander help dalk kliënte, en 'n ander werk dalk die pryse uit.*
 - *'n Entrepreneur is iemand wat 'n besigheid begin. Entrepreneurs dink dikwels aan maniere om mense te help, terwyl hulle geld verdien deur dinge te verkoop of dienste te lewer wat in hul gemeenskappe nodig is.*
3. **Bespreek die prent.**
Gebruik die vrae wat volg om die prent as volg te bespreek:
 - Vra die eerste vraag.
 - Gee die leerders opdrag om die vraag met 'n maat te bespreek.
 - Nooi 'n paar individuele leerders om hulle antwoorde te deel.
 - Bou die leerders se agtergrondkennis deur misverstande te korrigeer en deur inligting rakende die tema te deel.
 - Herhaal hierdie proses met al die vrae.
4. **Vrae:**
 - a. Watter verskillende werke doen die mense op hierdie prent?
 - b. Hoekom dink jy kweek en verkoop die gesin plante?
 - c. Watter vaardighede, dink jy, het 'n mens nodig om 'n besigheid suksesvol te bestuur?



Klanke en morfologie: Klasrefleksie



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Kern-
leesboek

1. **Laat die leerders rustig voor u op die mat of vloer sit.**
2. **Hou 'n bespreking oor leesbegrip.**
3. **Herinner die leerders daaraan dat leesbegrip beteken dat:**
 - a. Ons die verhaal verstaan.
 - b. Ons die verhaal onthou.
 - c. Ons oor die verhaal dink, daarvoor vrae vra en dit beantwoord.
4. **Vra die leerders om na mekaar te draai en om die volgende vraag te bespreek:**

Wat kan ons doen om ons leesbegrip te verbeter?
5. **Vra leerders na 'n paar minute vir terugvoer.**
6. **Maak seker dat hulle antwoorde die volgende punte insluit:**
 - a. Ons kan die storie meer as een keer lees.
 - b. Ons kan probeer uitwerk wat die onbekende woorde beteken, of ons kan iemand vra wat dit beteken.
 - c. Ons kan elke dag lees, want hoe meer ons lees, hoe meer sal ons weet.
 - d. Nadat ons 'n storie gelees het, kan ons probeer om die volgende te onthou of uit te werk:
 - Wat was die hoofgedagte van die storie
 - Wat eerste, volgende en laaste gebeur het
 - Wie die karakters is
 - Waarvan jy in die storie gehou het
 - Waarvan jy in die storie geleer het
7. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Woensdag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 7.
 - b. Lees die teks vir die leerders voor en lees dit daarna saam met die leerders.
 - c. Bespreek die vrae wat na die teks verskyn.
 - d. Vra ten slotte of hulle enige bekommernisse oor leesbegrip het. Indien wel, maak 'n nota hiervan.
 - e. Gee aan hierdie probleme aandag gedurende Groepbegeleide Lees.



Handskrif: Oefen lopende handskrif



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur voor te gee om klavier te speel.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Demonstreer hoe om die volgende sinne in lopende skrif te skryf en te voltooi:**
 - *Ek hou daarvan om vrae oor stories te beantwoord.*
 - *Ek hou daarvan om my eie stories te skryf.*
 - a. Verduidelik die beginpunt, rigting en spasie tussen woorde terwyl u skryf.
 - b. Gee die leerders opdrag om die sin/ne in hulle skryfboeke te skryf.
 - c. Stap rond en kontroleer elke leerder se letterformasie, lettergrootte en spasiëring.
 - d. Ondersteun die leerders wat hulp nodig het.
3. **Maak die leerders bewus van skryfspoed en akkuraatheid.**
 - a. Wanneer die meeste leerders klaar is, roep 'stop'.
 - b. Gee aan die leerders opdrag om kennis te neem van hoe ver hulle is.
 - c. As hulle nie klaargekry het nie, vra hulle om môre te probeer om 'n bietjie vinniger te skryf.
 - d. Laat die leerders ook hulle eie skryfwerk vergelyk met u skryfwerk op die bord.
 - e. Vra hulle om kennis te neem van hoeveel foute hulle gemaak het.



Gedeelde lees: Doen die Eerste Lees



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storie-
bundel,
bladsy 31

1. **Berei die leerders voor vir die Eerste Lees.**
 - a. Laat die leerders op die mat sit.
 - b. Herinner hulle aan die verwagte gedrag.
 - c. Herinner die leerders aan die storie se titel: *Vars eiers te koop*.
 - d. Sê: Rudi se ouma het baie hennes wat baie eiers lê. Daar is so baie eiers dat hulle orals oor die werf versteek is. Eendag, nadat Rudi se vriend Dirk kom kuier en mal is oor die vars eiers, kry Ouma 'n skitterende idee. Sy besluit om 'n hoenderhok te bou en 'n familiebesigheid te begin. Rudi maak 'n pragtige tekening en sy suster, Riandi, maak kleurvolle pamflette om die vars eiers te adverteer. Sal hulle nuwe opwindende besigheid 'n sukses wees? Kan hulle hul besigheid selfs uitbrei?
2. **Doen die Eerste Lees as volg:**
 - a. Lees elke bladsy van die storie hardop, vlot en hoorbaar.
 - b. Wys die prente aan die leerders.
 - c. Waar nodig, stop en verduidelik aan die leerders.
 - d. Wys die woordeskatwoorde aan die leerders, soos dit voorkom.
 - e. Aan die einde van die storie, vra die Lees 1 vrae as volg:
 - Rig Vraag 1 & 2 aan individuele leerders.
 - Rig Vraag 3 aan die hele klas. Vra die leerders om die vraag met 'n maat te bespreek.
 - Nooi 'n paar leerders om hulle antwoorde te deel.
 - f. Herinner leerders aan die begripstrategie.
 - Hierdie week leer ons hoe om: Afleidings te maak.
 - Vra die leerders: Watter goeie raaiskoot kan ons oor hierdie storie maak wat die skrywer ons nie vertel het nie? Wat kan jy oor (karakter) se gedagtes / gevoelens raai?



Skryf: Stel die taalstrukture van Afrikaans bekend en oefen dit



TYD:
20 minute



HULP-
BRONNE:
Geen
hulpbronne
benodig nie

1. **Stel die TSA (Taalstrukture van Afrikaans) bekend.**
 - a. Sê: Hierdie week gaan ons fokus op: Gebruik aanhalingstekens (gesprekstekens) om die woorde wat iemand anders sê, aan te toon (direkte rede).
 - b. Skryf 'n sin op die bord: Hy het gesê: "Ek wil 'n besigheid begin."
 - c. Verduidelik die Taalstrukture van Afrikaans binne konteks: Aanhalingstekens (gesprekstekens) word gebruik om te wys dat iemand hierdie woorde gesê het (direkte rede).
2. **Oefen die Taalstrukture van Afrikaans saam met die leerders.**
 - a. Skryf op die bord: Ouma het gesê ons het baie tamaties om te verkoop.
 - b. Vra die leerders: Waar plaas ons die aanhalingstekens om presies te wys wat die persoon gesê het? Watter ander leestekens moet ons gebruik?
 - c. Hou 'n dinkskrum saam met die leerders: Ouma het hierdie woorde gesê: ons het baie tamaties om te verkoop. Omdat dit Ouma se presiese woorde is, plaas ons dit tussen aanhalingstekens. Aanhalingstekens is soos spesiale tekens wat aandui wat iemand gesê het. Ons kan hierdie stappe volg: Ouma het gesê vertel vir ons wie aan die woord is. Ons moet 'n dubbelpunt voor die gesproke woorde skryf. Die aanhalingstekens kom voor en agter die presiese woorde wat Ouma gesê het. Ons moet die eerste woord binne die aanhalingstekens met 'n hoofletter skryf. Ons moet 'n punt skryf voordat ons die aanhalingsteken toemaak, omdat dit deel is van wat Ouma gesê het. Ons skryf: Ouma het gesê: "Ons het baie tamaties om te verkoop."
3. **Gee die leerders tyd om die taalstrukture van Afrikaans onafhanklik te oefen.**
 - a. Skryf op die bord:
 - Hy het gesê ek het 'n goeie idee.
 - Ma sê kom ons gaan winkels toe.
 - Kom ons verkoop die ekstra eiers sê sy.
 - b. Verduidelik aan die leerders: Plaas die aanhalingstekens op die korrekte plek. Onthou om 'n dubbelpunt/komma, hoofletter en punt in jou sin te gebruik.
 - c. Gee die leerders 'n paar minute om die opdrag te voltooi.
4. **Toets die leerders se begrip.**
 - a. Verkry weer die leerders se aandag.
 - b. Vra verskillende leerders om hulle antwoorde te deel.
 - c. Wys die volgende uit: Aanhalingstekens (gesprekstekens) word gebruik om te wys dat iemand hierdie woorde gesê het (direkte rede).



Groepbegeleide lees: Werk met Groepe 5 & 6



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 7.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 5 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekodeeringsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige week te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 5 terug na hulle tafels en roep Groep 6.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Klanke en morfologie: Klasrefleksie



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Kern-
leesboek

1. **Laat die leerders rustig voor u op die mat of vloer sit.**
2. **Hou 'n bespreking oor morfologie.**
3. **Herinner leerders daaraan dat:**
 - a. 'n Morfeem is die kleinste gedeelte van 'n woord wat betekenis het.
 - b. 'n Woord kan uit slegs een morfeem bestaan, soos loop.
 - c. 'n Woord kan bestaan uit 'n paar morfeme, soos ver-sorg-ing.
4. **Vra die leerders of hulle aan enige voorbeelde van morfeme kan dink. Luister na hul antwoorde.**
5. **Sê vir die leerders dat ons hierdie kwartaal baie meer op morfeme sal fokus, want dit is 'n manier om ons met lees en begrip te help.**
6. **Vra die leerders om na mekaar te draai en om die volgende vraag te bespreek:**

Hoe help dit ons om verskillende morfeme te kan lees en te verstaan?
7. **Vra leerders na 'n paar minute vir terugvoer.**
8. **Erken en bespreek alle antwoorde en voeg die volgende punte by, indien nodig:**
 - a. As ons weet hoe om 'n morfeem te lees, kan dit ons help om baie woorde te lees, omdat ons daardie deel van die woord maklik kan lees.
 - b. As ons weet hoe om 'n morfeem te lees, kan dit ons help om lang woorde te lees, omdat ons daardie deel van die woord maklik kan lees.
 - c. As ons die betekenis van 'n morfeem ken, kan dit ons help om die betekenis van 'n onbekende woord uit te werk.
9. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Donderdag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 8.
 - b. Lees die teks vir die leerders voor en lees dit daarna saam met die leerders.
 - c. Bespreek die vrae wat na die teks verskyn.



Handskrif: Oefen lopende handskrif



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur voor te gee om klavier te speel.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Demonstreer hoe om die volgende sinne in lopende skrif te skryf en te voltooi:**
 - *'n Morfeem is deel van 'n woord.*
 - *'n Morfeem kan 'n woord se betekenis verander.*
 - a. Verduidelik die beginpunt, rigting en spasie tussen woorde terwyl u skryf.
 - b. Gee die leerders opdrag om die sin/ne in hulle skryfboeke te skryf.
 - c. Stap rond en kontroleer elke leerder se letterformasie, lettergrootte en spasiëring.
 - d. Ondersteun die leerders wat hulp nodig het.
3. **Maak die leerders bewus van skryfspoed en akkuraatheid.**
 - a. Wanneer die meeste leerders klaar is, roep 'stop'.
 - b. Gee aan die leerders opdrag om kennis te neem van hoe ver hulle is.
 - c. As hulle nie klaargekry het nie, vra hulle om môre te probeer om 'n bietjie vinniger te skryf.
 - d. Laat die leerders ook hulle eie skryfwerk vergelyk met u skryfwerk op die bord.
 - e. Vra hulle om kennis te neem van hoeveel foute hulle gemaak het.



Gedeelde lees: Doen die Tweede Lees



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storie-
bundel,
bladsy 31

1. Berei die leerders voor vir die Tweede Lees.

- a. Laat die leerders op die mat sit.
- b. Herinner hulle aan die verwagte gedrag.
- c. Herinner die leerders aan die storie se titel: *Vars eiers te koop*.
- d. Herinner leerders aan die begripstrategie.
 - Herinner leerders aan die begripstrategie.
 - Hierdie week leer ons hoe om: Afleidings te maak.
 - Onthou, ons het dit gister bespreek toe ek julle gevra het: Watter goeie raaiskoot kan ons oor hierdie storie maak wat die skrywer ons nie vertel het nie? Wat kan jy oor (karakter) se gedagtes / gevoelens raai?

2. Doen die Tweede Lees soos volg:

- a. Lees elke bladsy van die storie hardop, vlot en hoorbaar.
- b. Wys die prent aan die leerders.
- c. Gebruik die voorbeelde op die inleidingsbladsy om die begripstrategie te demonstreer.
- d. Aan die einde van die storie, vra die Lees 2 vrae as volg:
 - Rig Vraag 1 & 2 aan individuele leerders.
 - Rig Vraag 3 aan die hele klas. Vra die leerders om die vraag met 'n maat te bespreek.
 - Nooi 'n paar leerders om hulle antwoorde te deel.



Skryf: Die onderwyser demonstreer hoe om te beplan



TYD:
20 minute



HULP-
BRONNE:
Skryf-
raamwerk

1. Stel die skryfonderwerp bekend.

In hierdie siklus sal ons oor die volgende skryf: 'n Verhaal oor 'n karakter wat 'n besigheid begin het.

2. Verduidelik mondelings jou eie antwoord vir die skryfopdrag voordat jy skryf. Gebruik die skryfraamwerk.

Sê: Ek gaan 'n storie skryf oor 'n karakter wat 'n ____ besigheid begin ...

3. Demonstreer die beplanning vir die skryfopdrag op die bord.

- Teken vinnig 'n prent van: Die karakter en hul besigheid.
- Gebruik 'n breinkaart om jou storie te beplan:
 - Wie is jou karakter? (Naam en ouderdom)
 - Watter besigheid wil jou karakter begin?
 - Met wie praat jou karakter oor sy of haar idee?
 - Waarom dink hulle en waarom besluit hulle na die gesprek?
 - Waar en hoe begin hulle hul besigheid?
 - Wat het op die eerste besigheidsdag gebeur?
 - Wat sê die eerste kliënt?
 - Watter probleem gebeur skielik in die besigheid?
 - Hoe los die karakter die probleem op?
 - Hoe eindig die verhaal? Hoe voel die karakter?

4. Kry die leerders aan die dink.

Sê: Môre gaan jy jou eie skryfstuk beplan. Bring môre jou idees saam met jou.

Skryfraamwerk:

Eendag het ____ besluit om 'n besigheid te begin.

Hy/sy wou ...

Hy/sy het sy/haar idee met ... bespreek.

Hy/sy het besluit om ...

Hy/sy het sy/haar besigheid ... begin.

Aan die begin was dit ...

Toe kom 'n kliënt en sê: "..."

Daar was skielik 'n probleem met ...

Hy/sy moes ...

Aan die einde ...



Groepbegeleide lees: Werk met Groepe 7 & 8



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 8.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 7 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekoderingsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige week te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 7 terug na hulle tafels toe en roep Groep 8.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Bespreek die storie van Gedeelde Lees



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Besprekings-
raamwerk:

Die
hoofgedagte
van die storie
is ...

Ek het van
die karakter ...
gehou, want
...

Ek het geleer
dat ...

Ek het gedink
dit was
verkeerd /
reg toe ...,
want ...

1. **Berei die leerders voor vir 'n groepbespreking.**
 - a. Verdeel die leerders in groepe van 4.
 - b. Gee aan elke groep 'n 'praatstok of -klip'.
 - c. Sê: Jy mag slegs praat wanneer jy die 'praatstok/-klip' vashou.
2. **Behandel die besprekingsvrae.**
 - a. Herinner leerders aan die week se storie vir gedeelde lees.
 - b. Skryf die besprekingsraamwerk op die bord.
 - c. Lees en verduidelik elke vraag (aanvangsin).
 - d. Sê aan die leerders dat elke lid van die groep 'n beurt moet kry om elke vraag te beantwoord.
 - e. Moedig leerders aan om aan verskillende antwoorde te dink.
3. **Gee die leerders opdrag om hulle besprekings te begin.**
 - a. Gee die leerders wat die 'praatstok/-klip' het opdrag om te begin.
 - b. Stap rond en bied hulp aan soos benodig.
 - c. Tydens die laaste paar minute, nooi 'n groep om hulle antwoorde te deel.
4. **Leerdervoorbereiding**
 - a. Identifiseer 3–4 leerders om Maandag 'n Mondelinge Aanbieding te doen.
 - b. Sê vir hierdie leerders wat om vir Maandag voor te berei. (Sien die LP se lesplan vir Maandag.)



Klanke en morfologie: Diktee



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Geen
hulpbronne
benodig nie

1. **Laat die leerders rustig raak met hulle skryfboeke, penne en lineale.**
 - a. Gee aan die leerders opdrag om die opskrif 'Diktee'n te skryf, sowel as die getalle 1–5 in die kantlyn.
 - b. Roep die volgende vyf woorde uit sodat die leerders dit langsaan die getalle 1–5 neerskryf: skryf, beskryf, opskryf, skrywer, herskryf
 - c. Gee daarna aan die leerders opdrag om die sin wat u sê neer te skryf, deur van die korrekte hoofletters en leestekens gebruik te maak.
 - d. Sê die volgende sin. Herhaal dit stadig, twee keer indien nodig:
Die skrywer herskryf sy storie totdat hy tevrede is.
2. **Gee aan die leerders opdrag om 'n inkleurpotlood te gebruik om hulle eie werk te korrigeer.**
 - a. Skryf die vyf woorde en die sin op die bord neer.
 - b. Klank die woorde, soos u dit neerskryf.
 - c. Wys die hoofletters en leestekens uit wat in die sin gebruik word.
 - d. Gee die leerders opdrag om hulle foute met die inkleurpotlood te omkring.
 - e. Gee aan die leerders opdrag om hulle foute korrek oor te skryf.
3. **Neem kennis van die leerders se uitdagings en vordering.**
4. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Vrydag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 10.
 - b. Lees die teks hardop. Sê aan die leerders om in hulle boeke te volg terwyl u lees.
 - c. Demonstreer op die bord hoe om die geskrewe begripstoets te voltooi.

Let wel: Sê aan die leerders dat hulle hierdie aktiwiteite saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees sal doen.



Gedeelte lees: Doen die Aktiwiteite na die Lees



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storie-
bundel,
bladsy 31

1. **Berei die leerders voor vir die Aktiwiteit na die Lees.**
 - a. Herinner die leerders aan die storie se titel: *Vars eiers te koop*.
 - b. Verduidelik die opdrag. Sê: Vandag gaan ons ons gunstelingdeel van die storie teken en benoem.
2. **Demonstreer die opdrag as volg:**
 - a. Maak u oë toe en maak asof u dink.
 - b. Maak u oë oop en sê: My gunstelingdeel van die storie was toe ...
 - c. Probeer om nie die ooglopendste deel van die storie as u voorbeeld te kies nie.
 - d. Teken vinnig 'n prentjie op die bord. Verduidelik wat u teken terwyl u besig is om te teken.
 - e. Voeg 1-2 byskrifte by.
3. **Gee die leerders opdrag om die opdrag te voltooi.**
 - a. Laat die leerders hulle oë toemaak en aan hulle gunstelingdeel van die storie dink.
 - b. Sê: Dink aan jou eie idee en moenie my voorbeeld gebruik nie.
 - c. Laat die leerders hierna hulle oë oopmaak en hulle antwoorde met hulle maats bespreek.
 - d. Gee die leerders dan opdrag om hierdie deel van die storie in hulle skryfboeke te teken.
 - e. Help die leerders om 1-2 byskrifte by hulle tekening te plaas.
4. **Laat die leerders toe om hulle werk te deel.**
 - a. Gee leerders 'n paar minute om hulle werk aan 'n maat te wys.
 - b. Nooi 'n leerder om hulle werk met die klas te deel.



Skryf: Leerders beplan



TYD:
20 minute



HULP-
BRONNE:
Skryf-
raamwerk

1. **Herinner leerders aan die skryfonderwerp.**
In hierdie siklus sal ons oor die volgende skryf: 'n Verhaal oor 'n karakter wat 'n besigheid begin het.
2. **Gee die leerders opdrag om na te dink oor hulle antwoorde vir die skryfonderwerp.**
 - a. Sê: Dink nou na oor hoe jy die skryfonderwerp gaan antwoord.
 - b. Gee die leerders opdrag om hulle idees met 'n maat deel.
 - c. Roep 'n paar leerders om hulle antwoorde met die klas te deel.
3. **Gee die leerders opdrag om hulle skryfwerk in hulle skryfboeke te beplan.**
Sê: Gebruik nou 'n breinkaart om jou idees neer te skryf en die skryfopdrag te beplan.
4. **Stap in die klaskamer rond en help individuele leerders om te beplan.**
 - a. Sê: Vertel my van jou idees.
 - b. Help leerders wat sukkel om hulle breinkaarte te voltooi.

Skryfraamwerk:

Eendag het ____ besluit om 'n besigheid te begin.

Hy/sy wou ...

Hy/sy het sy/haar idee met ... bespreek.

Hy/sy het besluit om ...

Hy/sy het sy/haar besigheid ... begin.

Aan die begin was dit ...

Toe kom 'n kliënt en sê: "..."

Daar was skielik 'n probleem met ...

Hy/sy moes ...

Aan die einde ...



Groepbegeleide lees: Werk met Groepe 9 & 10



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 10.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 9 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekoderingsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige week te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 9 terug na hulle tafels en roep Groep 10.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Mondelinge aanbieding



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Geen
hulpbronne
benodig nie

1. **Laat die leerders rustig raak sodat hulle na hulle klasmaats se mondelinge aanbiedings kan luister.**
2. **Herinner die leerders aan die volgende opdrag: Wys en vertel**
 - a. Hou die item of prent wat jy klas toe gebring het op en wys dit vir ons.
 - b. Vertel ons meer van die item of prent. Sê:
 - Vandag sal ek julle vertel van ...
 - Dit is ... (hoe groot, wat is die kleur, gewig, tekstuur, ens.)
 - Dit word gebruik om / vir ...
 - Ek hou daarvan omdat ...
 - c. Vra daarna vir die klas: Het julle enige vrae?
 - d. As iemand 'n vraag het, probeer u bes om dit te beantwoord.
3. **Herinner die leerders aan die volgende aanbiedingsvaardighede.**
Onthou die volgende wanneer jy aanbied:
 - Hou jou item of prent sodat almal dit mooi kan sien
 - Sê jou sinne in die regte volgorde
 - Sê iets net een keer – moenie jouself herhaal nie
 - Praat hard en duidelik
4. **Roep die gekose leerders om een op 'n keer hulle aanbiedings te kom doen.**
 - a. Bou elke leerder se selfvertroue deur hulle te bedank vir hulle aanbieding en positiewe terugvoer te gee.
 - b. Gee aan die einde van die les algemene terugvoer aan die klas om hulle aanbiedings te verbeter. Byvoorbeeld: Ek het gesukkel om sommige van julle te hoor. Probeer asseblief om jou stem mooi hoorbaar te hou – ons wil graag hoor wat jy te sê het.



Klanke en morfologie: Ek doen: Stel die model bekend en verduidelik dit



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Kern-
leesboek

1. **Stel die morfeem van die week aan die leerders bekend: -s**
2. **Verduidelik dit as volg aan die leerders:**
 - Die morfeem verander enkelvoud na meervoud.
 - Dit beteken meer as een.
 - Die morfeem word aan die einde van 'n woord gevoeg om 'n meervoud te vorm.
 - Alle verkleinwoorde in Afrikaans kry 'n -s in die meervoud.
3. **Skryf 1 voorbeeld op die bord:**
 - Daar is meer as een tafel in die klas.
4. **Wys die leerders waar die morfeem gevoeg sal word en verduidelik dit aan hulle.**
5. **Herskryf voorbeeld 1 met die nodige veranderinge:**
 - Daar is tafels in die klas.
6. **Herhaal met voorbeeld 2 as volg:**
 - Daar is meer as een boompie in die boord.
 - Daar is boompies in die boord.
7. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Maandag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 12.
 - b. Nooi individuele leerders om u te help om elke aktiwiteit te demonstreer.
 - c. Demonstreer op die bord hoe enige geskrewe aktiwiteite voltooi moet word.

Let wel: Sê aan die leerders dat hulle hierdie aktiwiteite saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees sal doen.



Handskrif: Oefen lopende handskrif



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur voor te gee om klavier te speel.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Demonstreer hoe om die volgende sinne in lopende skrif te skryf en te voltooi:**
 - *Kelvin Doe is in Freetown, Sierra Leone, gebore.*
 - a. Verduidelik die beginpunt, rigting en spasie tussen woorde terwyl u skryf.
 - b. Gee die leerders opdrag om die sin/ne in hulle skryfboeke te skryf.
 - c. Stap rond en kontroleer elke leerder se letterformasie, lettergrootte en spasiëring.
 - d. Ondersteun die leerders wat hulp nodig het.
3. **Maak die leerders bewus van skryfspoed en akkuraatheid.**
 - a. Wanneer die meeste leerders klaar is, roep 'stop'.
 - b. Gee aan die leerders opdrag om kennis te neem van hoe ver hulle is.
 - c. As hulle nie klaargekry het nie, vra hulle om môre te probeer om 'n bietjie vinniger te skryf.
 - d. Laat die leerders ook hulle eie skryfwerk vergelyk met u skryfwerk op die bord.
 - e. Vra hulle om kennis te neem van hoeveel foute hulle gemaak het.



Gedeelde lees: Stel die storie bekend



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storie-
bundel,
Inleiding
bladsy 15

1. **Stel die storie bekend.**

- a. Sê: Hierdie week gaan ons die storie lees met die titel, *Kelvin Doe: DJ Focus*.
- b. Sê: In hierdie ware verhaal ontmoet ons 'n entrepreneur met die naam Kelvin Doe. Ons ontmoet hom as tienjarige seun waar hy in sy geboorteland, Sierra Leone, woon. Kelvin besluit om sy buurt se grootste probleem op te los, naamlik die donker nagte sonder elektrisiteit. Hy soek deur vullisdromme vir skrootmateriaal, gebreekte elektronika en weggooitoestelle. Deur te fokus en hard te werk, leer hy homself ingenieurswese en bou hy 'n ongelooflike battery uit die vullis. Vervolgens droom hy nog groter en skep sy eie buurtradiostasie en word DJ Focus! Kom ons lees om uit te vind hoe ver sy drome hom neem.
- c. Wys die leerders vlugtig die prente uit die storie.

2. **Bou die leerders se agtergrondkennis.**

- a. Deel en verduidelik die agtergrondinligting wat vir die storie verskaf is.
- b. Wys aan die leerders waar die storie plaasvind, deur van die Storiebundel se kaart gebruik te maak.
- c. Vra: Het julle enige vrae oor die storie?

3. **Verduidelik die begripstrategie.**

- a. Hierdie week gaan ons leer hoe om: Evaluasies te maak.
- b. Verduidelik die strategie aan die leerders.



Groepbegeleide lees: Werk met Groepe 1 & 2



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 12.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 1 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekoderingsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige week te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 1 terug na hulle tafels en roep Groep 2.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

 - a. Indien leerders hulle wysigings voltooi het, verduidelik dat hulle in hul DBO-werkboek moet werk.
 - b. Gee die leerders opdrag om die volgende te voltooi:
 - DBO Werkboek bladsy no: 31–32.
 - Praat met jou maat oor 'n storie wat jy wil skryf. Vul dan jou idees op hierdie bladsy in.



Groepbegeleide lees: Werk met Groepe 9 & 10



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 54.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 9 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekoderingsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige week te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 9 terug na hulle tafels en roep Groep 10.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Stel die tema bekend



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Prente en
werklike
voorwerpe
vir die tema-
uitstalling

Kern-
leesboek

1. **Berei 'n tema-uitstalling voor:** *Ons leer nuwe dinge*
2. **Vra oop vrae om die leerders se agtergrondkennis aan te wakker.**
 - Wat is iets wat jy onlangs geleer het, of nog steeds leer om te doen?
 - Wie of wat help jou om nuwe dinge te leer?
 - Wat is iets wat jy graag in die toekoms sal wil leer?
3. **Maak 'n breinkaart deur die vrae en die leerders se antwoorde te gebruik.**
4. **Voeg u eie antwoorde by die breinkaart om die leerders se kennis uit te brei.**
5. **Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 56.**
6. **Sê vir die leerders om na die taalverryking van die tema te wys.**
 - a. Lees die taalverryking hardop.
 - b. Gee die leerders opdrag om dit saam met u te lees, of om dit na u te herhaal:
Wat kan jy met ander deel en tog hou jy presies dieselfde hoeveelheid daarvan? Wat is dit? Kennis
7. **Bespreek die taalverryking met die leerders.**
 - a. Vra: Kan jy my vertel wat hierdie beteken? / Kan jy die antwoord uitwerk?
 - b. Moedig die leerders aan om hulle idees te deel.
 - c. Verduidelik die betekenis of verskaf die antwoord as volg:
Hoe meer kennis jy het, hoe makliker sal jy probleme kan oplos. Hoe meer nuwe dinge jy leer, hoe skerper word jou verstand. Jy kan dit gratis met ander deel.



Klanke en morfologie: Ek doen: Stel die model bekend en verduidelik dit



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Kern-
leesboek

1. **Stel die morfeem van die week aan die leerders bekend: het ... ge-**
2. **Verduidelik dit as volg aan die leerders:**
 - Dit word gebruik om verlede tyd aan te dui, dat iets klaar gebeur het.
 - By die verlede tyd word dit saam met die woordjie 'het' in die sin aangetref.
 - Ge- word vooraan die werkwoord gevoeg.
 - Die werkwoord skuif na die einde van die sin met die ge- vooraan die woord.
3. **Skryf 1 voorbeeld op die bord:**
 - Gister skop die seun die bal.
4. **Wys die leerders waar die morfeem gevoeg sal word en verduidelik dit aan hulle.**
5. **Herskryf voorbeeld 1 met die nodige veranderinge:**
 - Gister het die seun die bal geskop.
6. **Herhaal met voorbeeld 2 as volg:**
 - Gister teken ons prente.
 - Gister het ons prente geteken.
7. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Maandag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 58.
 - b. Nooi individuele leerders om u te help om elke aktiwiteit te demonstreer.
 - c. Demonstreer op die bord hoe enige geskrewe aktiwiteite voltooi moet word.

Let wel: Sê aan die leerders dat hulle hierdie aktiwiteite saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees sal doen.



Handskrif: Oefen lopende handskrif



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur voor te gee om klavier te speel.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Demonstreer hoe om die volgende sinne in lopende skrif te skryf en te voltooi:**
 - *Zandri het baie vroeg wakker geword om haar boek buite te lees.*
 - a. Verduidelik die beginpunt, rigting en spasie tussen woorde terwyl u skryf.
 - b. Gee die leerders opdrag om die sin/ne in hulle skryfboeke te skryf.
 - c. Stap rond en kontroleer elke leerder se letterformasie, lettergrootte en spasiëring.
 - d. Ondersteun die leerders wat hulp nodig het.
3. **Maak die leerders bewus van skryfspoed en akkuraatheid.**
 - a. Wanneer die meeste leerders klaar is, roep 'stop'.
 - b. Gee aan die leerders opdrag om kennis te neem van hoe ver hulle is.
 - c. As hulle nie klaargekry het nie, vra hulle om môre te probeer om 'n bietjie vinniger te skryf.
 - d. Laat die leerders ook hulle eie skryfwerk vergelyk met u skryfwerk op die bord.
 - e. Vra hulle om kennis te neem van hoeveel foute hulle gemaak het.



Gedeelde lees: Stel die storie bekend



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storie-
bundel,
Inleiding
bladsy 85

1. Stel die storie bekend.

- Sê: Hierdie week gaan ons die storie lees met die titel, *Zandri leer om te mediteer*.
- Sê: Een oggend loer Zandri oor haar tuinheining en sien haar bure iets baie ongewoons doen. Hulle sit op die grond en maak 'n lae gonsgeluid! Zandri wonder wat hulle doen en vra hul dogter, Geeta. Geeta is ook Zandri se klasmaat. Geeta verduidelik dat hulle mediteer om hulle gedagtes stil te maak en kalm te voel. Zandri probeer dit self, maar dit werk glad nie. Haar kop bly maal met gedagtes oor skoolwerk en smaaklike aandetes! Geeta nooi haar oor, waar mnr. Kapoor hulle albei wys hoe om hul bene te kruis en stadig, diep asem te haal. Kan Zandri haar besige brein oplei om stil te sit? Kom ons lees om uit te vind of Zandri leer om haar gedagtes skoon te maak en kalm te voel.
- Vra: Weet jy enigiets hiervan?
- Wys die leerders vlugtig die prente uit die storie.

2. Bou die leerders se agtergrondkennis.

- Deel en verduidelik die agtergrondinligting wat vir die storie verskaf is.
- Wys aan die leerders waar die storie plaasvind deur van die Storiebundel se kaart gebruik te maak.
- Vra: Het julle enige vrae oor die storie?

3. Verduidelik die begripstrategie.

- Hierdie week gaan ons leer hoe om: Afleidings te maak.
- Verduidelik die strategie aan die leerders.



Groepbegeleide lees: Werk met Groepe 1 & 2



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 58.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 1 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekoderingsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige week te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 1 terug na hulle tafels en roep Groep 2.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Onderrig woordeskat



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Woordeskat
flitskaarte,
prente,
voorwerpe

Kern-
leesboek

1. **Herinner die leerders aan die tema.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 56.
 - b. Lees of noem die taalverryking weer 'n keer.
 - c. Wys aan die leerders die lys van woordeskatwoorde vir die tema.
 - d. Verduidelik dat hierdie woorde sal help om die tema te verstaan en om daaroor te gesels.
 - e. Lees die lys woorde aan hulle.
2. **Gebruik WOES om woordeskat te onderrig.**
 - a. Onderrig die volgende woordeskatwoorde:
 - *meditasie*: 'n Oefening waar jy stil sit en jou gedagtes fokus om jou te help om kalm en ontspanne te voel.
 - *kalm*: Voel vreedsaam, ontspanne en nie bekommerd of ontsteld nie.
 - *oortuig*: Om iemand met bewyse of goeie redes so ver te kry om 'n standpunt in te sien.
 - *mantra*: 'n Spesiale woord of sinnetjie wat jy oor en oor kan sê om jou brein te laat kalmeer of om jou bly en sterk te laat voel.
3. **Gebruik die strategieë van WOES wat gepas is vir elke woord:**

W: Wys – Wys na 'n prent of werklike voorwerp

O: Opvoer – Voer die woord op

E: vErduidelik – Verduidelik aan die leerders wat die woord beteken

S: Sin – Gebruik die woord in 'n sin



Klanke en morfologie: ONS DOEN: oefen saam



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Kern-
leesboek

1. **Herinner die leerders aan die morfeem van die week: het ... ge-**
2. **Skryf 1 voorbeeld op die bord:**
 - Gister lees Zandri haar boek.
3. **Vra 'n leerder om te wys en te verduidelik waar die morfeem gevoeg sal word.**
4. **Vra 'n tweede leerder om die voorbeeld te herskryf met die nodige veranderinge:**
 - Gister het Zandri haar boek gelees.
5. **Vra 'n derde leerder om te bevestig of die veranderinge korrek is.**
6. **Indien nie, moet die leerder die veranderinge op die skryfbord kom doen.**
7. **Herhaal met voorbeeld 2 as volg:**
 - Gister sit die bure op die gras.
 - Gister het die bure op die gras gesit.
8. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Dinsdag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 59.
 - b. Nooi individuele leerders om u te help om elke aktiwiteit te demonstreer.
 - c. Demonstreer op die bord hoe enige geskrewe aktiwiteite voltooi moet word.

Let wel: Sê aan die leerders dat hulle hierdie aktiwiteite saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees sal doen.



Handskrif: Oefen lopende handskrif



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur voor te gee om klavier te speel.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Demonstreer hoe om die volgende sinne in lopende skrif te skryf en te voltooi:**
 - *Haar bure, mnr. en mev. Kapoor, het met toe o / op die gras gesit.*
 - a. Verduidelik die beginpunt, rigting en spasie tussen woorde terwyl u skryf.
 - b. Gee die leerders opdrag om die sin/ne in hulle skryfboeke te skryf.
 - c. Stap rond en kontroleer elke leerder se letterformasie, lettergrootte en spasiëring.
 - d. Ondersteun die leerders wat hulp nodig het.
3. **Maak die leerders bewus van skryfspoed en akkuraatheid.**
 - a. Wanneer die meeste leerders klaar is, roep 'stop'.
 - b. Gee aan die leerders opdrag om kennis te neem van hoe ver hulle is.
 - c. As hulle nie klaargekry het nie, vra hulle om môre te probeer om 'n bietjie vinniger te skryf.
 - d. Laat die leerders ook hulle eie skryfwerk vergelyk met u skryfwerk op die bord.
 - e. Vra hulle om kennis te neem van hoeveel foute hulle gemaak het.



Gedeelde lees: Doen die Aktiwiteite voor die Lees



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storie-
bundel,
bladsy 87

1. **Laat die leerders gaan sit vir die Aktiwiteit voor die Lees.**
 - a. Nooi leerders om op die mat of vloer te sit.
 - b. Sit voor die leerders met die Storiebundel.
 - c. Maak seker dat al die leerders die boek kan sien.
 - d. Herinner leerders aan die gedrag wat u tydens Gedeelde Lees verwag, bv. sit kruisbene; hou jou hande stil op jou skoot; luister aandagtig; reageer as jy iets gevra word; steek jou hand op om 'n vraag te vra.
2. **Doen die Aktiwiteit voor die Lees as volg:**
 - a. Sê die titel van die storie: Zandri leer om te mediteer.
 - b. Verduidelik die vaardigheid van voorspel. Sê: Wanneer ons iets voorspel, gebruik ons die titel en prente om te probeer uitwerk waarom die storie handel.
 - c. Wys die leerders die prente op elke bladsy.
 - d. Vra: Wat dink jy gebeur hier?
 - e. Vra: Hoe dink jy kan ons die prente met mekaar verbind?



Groepbegeleide lees: Werk met Groepe 3 & 4



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 59.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 3 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekoderingsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige week te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 3 terug na hulle tafels en roep Groep 4.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Onderrig woordeskat en bespreek die tema se prent



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Woordeskat
flitskaarte,
prente,
voorwerpe

Kern-
leesboek

1. **Gebruik WOES om woordeskat te onderrig.**
 - a. Onderrig die volgende woordeskatwoorde:
 - *verbeter*: Om beter te word met iets.
 - *instruksies*: Stappe wat vir jou sê hoe om iets te doen.
 - *resep*: 'n Lys van bestanddele met stappe om kos te maak.
 - *hulpbronne* (leerhulpbronne): Dinge wat ons help leer, soos boeke, prente, video's of mense wat ons leer.
 - b. Gebruik die strategieë van WOES wat gepas is vir elke woord.
2. **Bou die leerders se agtergrondkennis.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 60.
 - b. Vertel aan die leerders die volgende inligting oor die prent:
 - Wat is iets wat jy onlangs geleer het, of nog steeds leer om te doen?
 - Wie of wat help jou om nuwe dinge te leer?
 - Wat is iets wat jy graag in die toekoms sal wil leer?
3. **Bespreek die prent.**
 - a. Gebruik die vrae wat volg om die prent as volg te bespreek:
 - Vra die eerste vraag.
 - Gee die leerders opdrag om die vraag met 'n maat te bespreek.
 - Nooi 'n paar individuele leerders om hulle antwoorde te deel.
 - Bou die leerders se agtergrondkennis deur misverstande te korrigeer en deur inligting rakende die tema te deel.
 - Herhaal hierdie proses met al die vrae.
4. **Vrae:**
 - a. Op watter verskillende maniere leer die mense op die prent?
 - b. Wie kan ons help om iets nuuts aan te leer?
 - c. Wat het jy onlangs nuut geleer?



Klanke en morfologie: JY DOEN: oefen eers met 'n maat en dan alleen



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Kern-
leesboek

1. **Laat die leerders rustig met hulle skryfboeke sit.**
2. **Herinner die leerders aan die morfeem van die week: het ... ge-**
3. **Skryf 1 voorbeeld op die bord:**
 - Gister eet ek 'n roomys.
4. **Gee hulle opdrag om die eerste voorbeeld in hulle skryfboeke te kopieer.**
5. **Vra hulle daarna om saam met 'n maat die volgende in hulle skryfboeke te doen:**
 - a. Wys die leerders waar die morfeem gevoeg sal word en verduidelik dit aan hulle.
 - b. Herskryf voorbeeld 1 met die nodige veranderinge.
6. **Kry die leerders se aandag.**
7. **Verwys na die eerste voorbeeld op die skryfbord en doen die volgende:**
 - Wys die leerders waar die morfeem gevoeg sal word en verduidelik dit aan hulle.
 - a. Herskryf voorbeeld 1 met die nodige veranderinge:
 - Gister het ek 'n roomys geëet.
8. **Vra die leerders om hulle eie werk na te gaan en te korrigeer indien nodig.**
9. **Herhaal met die tweede voorbeeld, maar nou moet hulle alleen werk:**
 - Gister hardloop Jan in 'n resies.
 - Gister het Jan in 'n resies gehardloop.
10. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Woensdag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 61.
 - b. Nooi individuele leerders om u te help om elke aktiwiteit te demonstreer.
 - c. Demonstreer op die bord hoe enige geskrewe aktiwiteite voltooi moet word.

Let wel: Sê aan die leerders dat hulle hierdie aktiwiteite saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees sal doen.



Handskrif: Oefen lopende handskrif



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur voor te gee om klavier te speel.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Demonstreer hoe om die volgende sinne in lopende skrif te skryf en te voltooi:**
 - *Zandri het gewonder wat hulle doen.*
 - a. Verduidelik die beginpunt, rigting en spasie tussen woorde terwyl u skryf.
 - b. Gee die leerders opdrag om die sin/ne in hulle skryfboeke te skryf.
 - c. Stap rond en kontroleer elke leerder se letterformasie, lettergrootte en spasiëring.
 - d. Ondersteun die leerders wat hulp nodig het.
3. **Maak die leerders bewus van skryfspoed en akkuraatheid.**
 - a. Wanneer die meeste leerders klaar is, roep 'stop'.
 - b. Gee aan die leerders opdrag om kennis te neem van hoe ver hulle is.
 - c. As hulle nie klaargekry het nie, vra hulle om môre te probeer om 'n bietjie vinniger te skryf.
 - d. Laat die leerders ook hulle eie skryfwerk vergelyk met u skryfwerk op die bord.
 - e. Vra hulle om kennis te neem van hoeveel foute hulle gemaak het.



Gedeelde lees: Doen die Eerste Lees



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storie-
bundel,
bladsy 87

1. **Berei die leerders voor vir die Eerste Lees.**
 - a. Laat die leerders op die mat sit.
 - b. Herinner hulle aan die verwagte gedrag.
 - c. Herinner die leerders aan die storie se titel: *Zandri leer om te mediteer*.
 - d. Sê: Een oggend loer Zandri oor haar tuinhelling en sien haar bure iets baie ongewoons doen. Hulle sit op die grond en maak 'n lae gongsgeluid! Zandri wonder wat hulle doen en vra hul dogter, Geeta. Geeta is ook Zandri se klasmaat. Geeta verduidelik dat hulle mediteer om hulle gedagtes stil te maak en kalm te voel. Zandri probeer dit self, maar dit werk glad nie. Haar kop bly maal met gedagtes oor skoolwerk en smaaklike aandetes! Geeta nooi haar oor, waar mnr. Kapoor hulle albei wys hoe om hul bene te kruis en stadig, diep asem te haal. Kan Zandri haar besige brein oplei om stil te sit? Kom ons lees om uit te vind of Zandri leer om haar gedagtes skoon te maak en kalm te voel.
2. **Doen die Eerste Lees as volg:**
 - a. Lees elke bladsy van die storie hardop, vlot en hoorbaar.
 - b. Wys die prente aan die leerders.
 - c. Waar nodig, stop en verduidelik aan die leerders.
 - d. Wys die woordeskatwoorde aan die leerders, soos dit voorkom.
 - e. Aan die einde van die storie, vra die Lees 1 vrae as volg:
 - Rig Vraag 1 & 2 aan individuele leerders.
 - Rig Vraag 3 & 4 aan die hele klas. Vra die leerders om die vraag met 'n maat te bespreek.
 - Nooi 'n paar leerders om hulle antwoorde te deel.
 - f. Herinner leerders aan die begripstrategie.
 - Hierdie week leer ons hoe om: Afleidings te maak.
 - Vra die leerders: Watter goeie raaiskoot kan ons oor hierdie storie maak wat die skrywer ons nie vertel het nie? Wat kan jy oor (karakter) se gedagtes / gevoelens raai?



Skryf: Stel die taalstrukture van Afrikaans bekend en oefen dit



TYD:
20 minute



HULP-
BRONNE:
Geen
hulpbronne
benodig nie

1. **Stel die TSA (Taalstrukture van Afrikaans) bekend.**
 - a. Hierdie week gaan ons fokus op: Gebruik die voegwoord 'en' om die twee verwante dinge of gedagtes met mekaar te verbind.
 - b. Skryf 'n sin op die bord:
Ek hou daarvan om boeke te lees. Ek hou daarvan om na films te kyk.
 - c. Verduidelik die Taalstrukture van Afrikaans binne konteks: Ek hou daarvan om boeke te lees en na films te kyk.
2. **Oefen die Taalstrukture van Afrikaans saam met die leerders.**
 - a. Skryf op die bord: Ek hou daarvan om oor plante te leer. Ek hou daarvan om oor diere te leer.
 - b. Vra die leerders: Hoe kan ons die woord 'en' gebruik om die twee sinne te verbind?
 - c. Hou 'n dinkskrum saam met die leerders:
Verbind die twee sinne deur 'en' te gebruik: Wanneer ons twee sinne het wat oor soortgelyke idees gaan, kan ons dit met die voegwoord 'en' verbind. Ons kan die twee sinne soos volg verbind: Ek hou daarvan om oor plante te leer en ek hou daarvan om oor diere te leer. Soms kan ons die sin korter maak deur woorde wat herhaal word, weg te laat, soos hierdie: Ek hou daarvan om oor plante en diere te leer.
3. **Gee die leerders tyd om die taalstrukture van Afrikaans onafhanklik te oefen.**
 - a. Skryf op die bord:
 - Rina hou daarvan om saam met haar vriende te speel. Rina hou daarvan om sokker te speel.
 - Ek kan my ouma vertrou. Ek kan my suster vertrou.
 - Tobie het koeie deur die venster gesien. Hy het bokke deur die venster gesien.
 - b. Verduidelik aan die leerders:
 - Gebruik die voegwoord 'en' om hierdie sinne te verbind.
 - Die idees behoort met mekaar verband te hou.
 - Verbind die twee sinne deur 'en' te gebruik.
 - Neem die punt in die eerste sin weg.
 - Skryf 'en' tussen die twee sinne.
 - Behou die punt aan die einde van jou nuwe sin.
 - c. Gee die leerders 'n paar minute om die opdrag te voltooi.
4. **Toets die leerders se begrip.**
 - a. Verkry weer die leerders se aandag.
 - b. Vra verskillende leerders om hulle antwoorde te deel.
 - c. Wys die volgende uit: Ek hou daarvan om boeke te lees en na films te kyk.



Groepbegeleide lees: Werk met Groepe 5 & 6



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 61.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 5 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekoderingsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige week te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 5 terug na hulle tafels en roep Groep 6.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Klanke en morfologie: Morfeem Geheue-speletjie



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Kern-
leesboek

Leer die leerders hierdie speletjie aan die begin van die kwartaal. Verduidelik dat julle dit elke Donderdag sal speel.

Instruksies:

1. Leerders moet in groepe van 4–6 sit.
2. Wys 'n 'speletjiesleier'n in elke groep aan – iemand wat die spel beheer.
3. Noem 'n morfeem wat onderrig is, byvoorbeeld: -s
4. Die speletjiesleier begin en sê: Woorde wat -s gebruik, is: motors
5. Die spel gaan kloksgewys voort.
6. Die volgende leerder sê: Woorde wat -s gebruik, is: motors en meisies
7. Die derde leerder sê: Woorde wat -s gebruik is motors, meisies en neefs
8. Die speletjie gaan van leerder tot leerder voort totdat niemand meer woorde kan bydra nie.
9. Leerders moet die woorde in die korrekte volgorde herhaal, anders is hulle uit vir die rondte.
10. Die laaste leerder wat 'n woord kan byvoeg, is die wenner van daardie rondte.
11. Die leerder kan dan die volgende rondte begin.
12. Sodra 'n groep 'n rondte voltooi het, moet hulle stil sit met hul hande op hul skote en vir die volgende morfeem wag.
13. Gee die volgende morfeem, sodra al die groepe gereed is, byvoorbeeld: het ... ge-
14. Oriënteer die leerders ten opsigte van Donderdag se aktiwiteite in die Kernleesboek.
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 62.
 - b. Lees die teks hardop. Sê aan die leerders om in hulle boeke te volg terwyl u lees.
 - c. Lees die teks weer en laat die leerders hierdie keer saam met jou inval.
 - d. Demonstreer op die bord hoe om die geskrewe begripstoets te voltooi.
 - e. Let wel: Sê aan die leerders dat hulle hierdie aktiwiteite saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees sal doen.



Handskrif: Oefen lopende handskrif



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. **Berei die leerders voor vir handskrif.**
 - a. Sê: Kom ons warm ons vingers op deur voor te gee om klavier te speel.
 - b. Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.
2. **Demonstreer hoe om die volgende sinne in lopende skrif te skryf en te voltooi:**
 - *Zandri het wel teruggegaan en sy het aangehou.*
 - a. Verduidelik die beginpunt, rigting en spasie tussen woorde terwyl u skryf.
 - b. Gee die leerders opdrag om die sin/ne in hulle skryfboeke te skryf.
 - c. Stap rond en kontroleer elke leerder se letterformasie, lettergrootte en spasiëring.
 - d. Ondersteun die leerders wat hulp nodig het.
3. **Maak die leerders bewus van skryfspoed en akkuraatheid.**
 - a. Wanneer die meeste leerders klaar is, roep 'stop'.
 - b. Gee aan die leerders opdrag om kennis te neem van hoe ver hulle is.
 - c. As hulle nie klaargekry het nie, vra hulle om môre te probeer om 'n bietjie vinniger te skryf.
 - d. Laat die leerders ook hulle eie skryfwerk vergelyk met u skryfwerk op die bord.
 - e. Vra hulle om kennis te neem van hoeveel foute hulle gemaak het.



Gedeelde lees: Doen die Tweede Lees



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storie-
bundel,
bladsy 87

1. **Berei die leerders voor vir die Tweede Lees.**
 - a. Laat die leerders op die mat sit.
 - b. Herinner hulle aan die verwagte gedrag.
 - c. Herinner die leerders aan die storie se titel: *Zandri leer om te mediteer*.
 - d. Herinner leerders aan die begripstrategie.
 - Herinner leerders aan die begripstrategie.
 - Hierdie week leer ons hoe om: Afleidings te maak.
 - Onthou, ons het dit gister bespreek toe ek julle gevra het: Watter goeie raaiskoot kan ons oor hierdie storie maak wat die skrywer ons nie vertel het nie? Wat kan jy oor (karakter) se gedagtes / gevoelens raai?
2. **Doen die Tweede Lees soos volg:**
 - a. Lees elke bladsy van die storie hardop, vlot en hoorbaar.
 - b. Wys die prent aan die leerders.
 - c. Gebruik die voorbeelde op die inleidingsbladsy om die begripstrategie te demonstreer.
 - d. Aan die einde van die storie, vra die Lees 2 vrae as volg:
 - Rig Vraag 1 & 2 aan individuele leerders.
 - Rig Vraag 3 & 4 aan die hele klas. Vra die leerders om die vraag met 'n maat te bespreek.
 - Nooi 'n paar leerders om hulle antwoorde te deel.



Skryf: Die onderwyser demonstreer hoe om te beplan



TYD:
20 minute



HULP-
BRONNE:
Skryf-
raamwerk

1. Stel die skryfonderwerp bekend.

In hierdie siklus gaan ons skryf: 'n Dagboekinskrywing oor iets nuuts wat jy probeer.

2. Verduidelik mondelings jou eie antwoord vir die skryfopdrag voordat jy skryf. Gebruik die skryfraamwerk.

Sê: Ek gaan skryf oor hoe ek ... vir die eerste keer probeer. In 'n dagboekinskrywing fokus ons daarop om oor ons gedagtes en gevoelens te skryf, so ek gaan skryf oor hoe ek gevoel het ...

3. Demonstreer die beplanning vir die skryfopdrag op die bord.

a. Teken vinnig 'n prent van: Teken jouself, waar jy iets nuuts probeer.

b. Gebruik 'n breinkaart om jou storie te beplan:

- Wat het jy vandag probeer leer of verbeter?
- Waarom wou jy hierdie vaardigheid aanleer?
- Hoe het jy aan die begin gevoel? Waarom het jy so gevoel?
- Watter deel was vir jou moeilik?
- Watter foute het jy gemaak terwyl jy geleer het?
- Hoe het dit jou laat voel toe jy foute gemaak of gesukkel het?
- Wie het jou gehelp, en wat het hulle gedoen of gesê?
- Wat het jou laat aanhou probeer, selfs al was dit moeilik?
- Hoe het jy mettertyd verbeter?
- Hoe voel jy nou oor wat jy kan doen?

4. Kry die leeders aan die dink.

Sê: Môre gaan jy jou eie skryfstuk beplan. Bring môre jou idees saam met jou.

Skryfraamwerk:

Liewe Dagboek

Ek het probeer om ...

Aan die begin het dit ... gevoel, want ...

Ek het gesukkel om/met ...

Ek het foute gemaak, soos ...

Toe dit vir my moeilik begin word, het ek ...

My onderwyser/maat/gesin het my gehelp deur ...

Selfs al was dit moeilik, het ek aanhou probeer, omdat ...

Stadig maar seker het ek besef dat ...

Ek het ... gevoel toe ek begin besef het dat ek besig was om te verbeter.

Nou kan ek ... en ek voel ... daaroor.

Van:

[Naam]



Groepbegeleide lees: Werk met Groepe 7 & 8



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 62.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 7 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekoderingsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige week te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 7 terug na hulle tafels toe en roep Groep 8.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Bespreek die storie van Gedeelde Lees



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Besprekings-
raamwerk:

Die
hoofgedagte
van die storie
is ...

Ek het van
die karakter ...
gehou, want
...

Ek het geleer
dat ...

Ek het gedink
dit was
verkeerd /
reg toe ...,
want ...

1. **Berei die leerders voor vir 'n groepbespreking.**
 - a. Verdeel die leerders in groepe van 4.
 - b. Gee aan elke groep 'n 'praatstok of -klip'.
 - c. Sê: Jy mag slegs praat wanneer jy die 'praatstok/-klip' vashou.
2. **Behandel die besprekingsvrae.**
 - a. Herinner leerders aan die week se storie vir gedeelde lees.
 - b. Skryf die besprekingsraamwerk op die bord.
 - c. Lees en verduidelik elke vraag (aanvangsin).
 - d. Sê aan die leerders dat elke lid van die groep 'n beurt moet kry om elke vraag te beantwoord.
 - e. Moedig leerders aan om aan verskillende antwoorde te dink.
3. **Gee die leerders opdrag om hulle besprekings te begin.**
 - a. Gee die leerders wat die 'praatstok/-klip' het opdrag om te begin.
 - b. Stap rond en bied hulp aan soos benodig.
 - c. Tydens die laaste paar minute, nooi 'n groep om hulle antwoorde te deel.
4. **Leerdervoorbereiding**
 - a. Identifiseer 3–4 leerders om Maandag 'n Mondelinge Aanbieding te doen.
 - b. Sê vir hierdie leerders wat om vir Maandag voor te berei. (Sien die LP se lesplan vir Maandag.)



Klanke en morfologie: Diktee



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Geen
hulpbronne
benodig nie

1. **Laat die leerders rustig sit met hulle skryfboeke, penne en liniale**
 - a. Gee aan die leerders opdrag om die opskrif 'Diktee'n te skryf, sowel as die getalle 1–5 in die kantlyn.
 - b. Roep die volgende vyf woorde uit sodat die leerders dit langsaan die getalle 1–5 neerskryf: gesit, gelees. gehardloop, geskop, geëet
 - c. Gee daarna aan die leerders opdrag om die sin wat u sê neer te skryf, deur van die korrekte hoofletters en leestekens gebruik te maak.
 - d. Sê die volgende sin. Herhaal dit stadig, twee keer indien nodig: Ons het gespeel, bal geskop en baie geëet.
2. **Gee aan die leerders opdrag om 'n inkleurpotlood te gebruik om hulle eie werk te korrigeer.**
 - a. Skryf die vyf woorde en die sin op die bord neer.
 - b. Klank die woorde, soos u dit neerskryf.
 - c. Wys die hoofletters en leestekens uit wat in die sin gebruik word.
 - d. Gee die leerders opdrag om hulle foute met die inkleurpotlood te omkring.
 - e. Gee aan die leerders opdrag om hulle foute korrek oor te skryf.
3. **Neem kennis van die leerders se uitdagings en vordering.**
4. **Oriënteer die leerders ten opsigte van Vrydag se aktiwiteite in die Kernleesboek.**
 - a. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 64.
 - b. Lees die teks hardop. Sê aan die leerders om in hulle boeke te volg terwyl u lees.
 - c. Demonstreer op die bord hoe om die geskrewe begripstoets te voltooi.

Let wel: Sê aan die leerders dat hulle hierdie aktiwiteite saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees sal doen.



Gedeelde lees: Doen die Aktiwiteite na die Lees



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Storie-
bundel,
bladsy 87

1. **Berei die leerders voor vir die Aktiwiteit na die Lees.**
 - a. Herinner die leerders aan die storie se titel: *Zandri leer om te mediteer*
 - b. Verduidelik die opdrag. Sê: Vandag gaan ons die storie in groepe opvoer.
2. **Demonstreer die opdrag as volg:**
 - a. Sê: Wanneer ons die storie opvoer, moet ons probeer om:
 - Te onthou wat ons karakter doen en sê
 - Soos ons karakter te praat en op te tree
 - Sommige van dieselfde woorde as ons karakter te gebruik
 - b. Wys die leerders kortliks hoe u een van die karakters sou uitbeeld.
 - c. Probeer om nie die hoofkarakter as u voorbeeld te kies nie.
3. **Gee die leerders opdrag om die opdrag te voltooi.**
 - a. Tel hoeveel karakters daar in die storie is.
 - b. Verdeel die klas in daardie aantal groepe. As daar byvoorbeeld 5 karakters in die storie is, verdeel die klas in groepe van 5.
 - c. Gee 'n karakter aan elke leerder in die groep.
 - d. Neem die klas na buite of na 'n groot oop spasie.
 - e. Laat die groepe die storie opvoer. Hulle moet:
 - Onthou wat hulle karakter doen en sê
 - Soos hulle karakter praat en optree
 - Dieselfde woorde as hulle karakter gebruik
 - f. Terwyl die leerders hulle storie opvoer, loop rond en verskaf hulp soos nodig.
4. **Laat die leerders toe om hulle werk te deel.**
 - a. Gee leerders 'n paar minute om hulle werk aan 'n maat te wys.
 - b. Nooi 'n leerder om hulle werk met die klas te deel.



Skryf: Leerders beplan



TYD:
20 minute



HULP-
BRONNE:
Skryf-
raamwerk

1. **Herinner leerders aan die skryfonderwerp.**
In hierdie siklus sal ons oor die volgende skryf: 'n Dagboekinskrywing oor iets nuuts wat jy probeer.
2. **Gee die leerders opdrag om na te dink oor hulle antwoorde vir die skryfonderwerp.**
 - a. Sê: Dink nou na oor hoe jy die skryfonderwerp gaan antwoord.
 - b. Gee die leerders opdrag om hulle idees met 'n maat deel.
 - c. Roep 'n paar leerders om hulle antwoorde met die klas te deel.
3. **Gee die leerders opdrag om hulle skryfwerk in hulle skryfboeke te beplan.**
Sê: Gebruik nou 'n breinkaart om jou idees neer te skryf en die skryfopdrag te beplan.
4. **Stap in die klaskamer rond en help individuele leerders om te beplan.**
 - a. Sê: Vertel my van jou idees.
 - b. Help leerders wat sukkel om hulle breinkaarte te voltooi.

Skryfraamwerk:

Liewe Dagboek

Ek het probeer om ...

Aan die begin het dit ... gevoel, want ...

Ek het gesukkel om/met ...

Ek het foute gemaak, soos ...

Toe dit vir my moeilik begin word, het ek ...

My onderwyser/maat/gesin het my gehelp deur ...

Selfs al was dit moeilik, het ek aanhou probeer, omdat ...

Stadig maar seker het ek besef dat ...

Ek het ... gevoel toe ek begin besef het dat ek besig was om te verbeter.

Nou kan ek ... en ek voel ... daaroor.

Van:

[Naam]



Groepbegeleide lees: Werk met Groepe 9 & 10



TYD:
30 minute



HULP-
BRONNE:
Kernleesboek

Gegradeerde
/ Vlak-
gebaseerde
Leesboeke
(word nie
deur NHLRP
voorsien nie)

1. **Berei die leerders voor vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Maak seker dat die leerders weet in watter leesgroep hulle is.
 - b. Laat die leerders in pare gaan sit met hulle Kernleesboeke, skryfboeke en potlode.
 - c. Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 64.
2. **Behandel die dag se aktiwiteite in die Kernleesboek met die leerders.**
Herinner die leerders wat om te doen om elke aktiwiteit te voltooi.
3. **Roep Groep 9 na die area vir Groepbegeleide Lees.**
 - a. Laat die groep met hulle Kernleesboeke gaan sit.
 - b. Nooi individuele leerders om die klanke te lees.
 - c. Nooi individuele leerders om die dekodeeringsaktiwiteite te voltooi.
 - d. Nooi elke leerder om die woorde of 'n uittreksel van die vorige week te lees.
 - e. Maak 'n nota van die leerders wat hulp nodig het.
 - f. Maak 'n nota van die klanke wat gekonsolideer moet word.
4. **Gebruik Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke**
 - a. Deel die beskikbare leesboeke aan die groep uit. (Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke)
 - b. Luister na elke leerder wat hardop uit 'n leesboek lees.
 - c. As dit met die skoolbeleid ooreenstem, laat die leerders Gegradeerde / Vlakgebaseerde Leesboeke huis toe neem.
5. **Stuur Groep 9 terug na hulle tafels en roep Groep 10.**



Einde van die dag: Lees hardop



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Onder-
wyseres
se eie
hulpbronne

- Gebruik u eie hulpbronne: Grootboeke, Storiebundels en Storieboeke is almal geskik.
- Gebruik hierdie tyd om te demonstreer hoe om vlot en met gevoel te lees.
- Hierdie aktiwiteit help leerders om 'n liefde vir stories en lees te ontwikkel.
- Dit bou ook hulle woordeskat, agtergrondkennis en werkgeheue. Dit is alles belangrike begripsvaardighede.



Luister en praat: Mondelinge aanbieding



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Geen
hulpbronne
benodig nie

1. **Laat die leerders rustig raak sodat hulle na hulle klasmaats se mondelinge aanbiedings kan luister.**
2. **Herinner die leerders aan die volgende opdrag: Deel persoonlike nuus**
 - a. Vertel ons waarom jou nuus gaan. Sê:
 - Vandag sal ek julle vertel van ...
 - Deel dan jou nuus.
 - Vertel ons, in die regte volgorde, wat gebeur het.
 - Vertel ons die hooftrekke van jou nuus.
 - Eindig deur ons te vertel hoe jou nuus jou laat voel het.
3. **Herinner die leerders aan die volgende aanbiedingsvaardighede:**
 - a. Onthou die volgende wanneer jy jou nuus deel:
 - Vertel ons waarom jou nuus gaan
 - Vertel ons wat gebeur het
 - Vertel ons met wie dit gebeur het
 - Sê jou sinne in die regte volgorde
 - Sê iets net een keer – moenie jouself herhaal nie
 - Praat hard en duidelik
4. **Roep die gekose leerders om een op 'n keer hulle aanbiedings te kom doen.**
 - a. Bou elke leerder se selfvertroue deur hulle te bedank vir hulle aanbieding en positiewe terugvoer te gee.
 - b. Gee aan die einde van die les algemene terugvoer aan die klas om hulle aanbiedings te verbeter. Byvoorbeeld: Ek het gesukkel om sommige van julle te hoor. Probeer asseblief om jou stem mooi hoorbaar te hou – ons wil graag hoor wat jy te sê het.



Klanke en morfologie:



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Kern-
leesboek

1. Oriënteer die leerders ten opsigte van Maandag se aktiwiteite in die Kernleesboek.

- Gee die leerders opdrag om hulle Kernleesboeke oop te maak op bladsy 66.
- Verduidelik die aktiwiteite vir sinsleer aan die leerders.
- Demonstreer 'n voorbeeld van elke aktiwiteit op die bord.
- Gee die leerders opdrag om die aktiwiteite in hulle skryfboeke te voltooi.

Let wel: Sê aan die leerders dat hulle hierdie aktiwiteite saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees sal doen.



Handskrif: Oefen lopende handskrif



TYD:
15 minute



HULP-
BRONNE:
Handskrif-
muurkaart

1. Berei die leerders voor vir handskrif.

- Sê: Kom ons warm ons vingers op deur voor te gee om klavier te speel.
- Kontroleer en pas die leerders se postuur en potloodgreep aan.

2. Demonstreer hoe om die volgende sinne in lopende skrif te skryf en te voltooi:

- Een aand het Jeeta en haar pa na die maan gekyk.*
- Verduidelik die beginpunt, rigting en spasie tussen woorde terwyl u skryf.
 - Gee die leerders opdrag om die sin/ne in hulle skryfboeke te skryf.
 - Stap rond en kontroleer elke leerder se letterformasie, lettergrootte en spasiëring.
 - Ondersteun die leerders wat hulp nodig het.

3. Maak die leerders bewus van skryfspoed en akkuraatheid.

- Wanneer die meeste leerders klaar is, roep 'stop'.
- Gee aan die leerders opdrag om kennis te neem van hoe ver hulle is.
- As hulle nie klaargekry het nie, vra hulle om môre te probeer om 'n bietjie vinniger te skryf.
